—

STERIEL

——

Wim Vorster

———

Toestemming vir opvoerregte berus by:

Wim Vorster (e-posadres: wimvorster1@gmail.com)

STERIEL - Wim Vorster © 2016

STERIEL

KARAKTERS

WALDEK

HELM

DEKOR

EIE KEUSE: SLEGS WIT AGTERDOEK OF VOLLE WIT DEKORSTEL. KAMER IN HOSPITAAL. MOET STERIEL VOORKOM

MEUBELS

TWEE WIT BEDDENS MET WIT BEDDEGOED, MOONTLIK KAN VOETENENT VAN BEDDENS LAER WEES VIR SIGBAARHEID VANUIT GEHOOR; WIT BEDKASSIE BY ELK

KOSTUUMS

WIT HOSPITAALJURKE (DIE SOORT WAT AGTER VASBIND); WIT BEANIE

REKWISIETE

STAANDER MET PYPE EN TWEE DRUPPE: EEN SAK MET MELKERIGE VLOEISTOF EN EEN MET ‘BLOED’; WIT TELEFOON OP ELKE BEDKASSIE; VLEKVRYE STAAL URINEHOUER; WIT KOMBERSE; KNOPPIES OM VERPLEËRS TE ONTBIED. WIT HANDDOEKE OOR RELINGS (OPSIONEEL)

BYKLANKE/MUSIEK

GEEN, BEHALWE FOON WAT LUI

BELIGTING

STRAK WIT (OPEN WHITE)

NOTA

HELM SE ’n IS AFKORTING VAN en, NIE DIE AFRIKAANS VAN ‘a’ NIE. DAARVOOR GEBRUIK HY DIE WOORD hu. DIT SAL GOU DUIDELIK WORD AANGESIEN HY DIALEKTIES PRAAT.

GEEN VERANDERINGE MAG AAN TEKS AANGEBRING WORD NIE GEEN ONGEMAGTIGDE AANBIEDING MAG GEDOEN WORD NIE

[GORDYN OOP: <u>WALDEK</u> O.P.S. BED MET LAKEN OOR HOM. SLAAP OP REGTERSY, DWS MET RUG NA <u>HELM</u> OP P.S. BED. <u>WALDEK</u> HET DRUPPE IN LINKERARM. <u>HELM</u> SIT REGOP TEEN BEDSTYL EN HOU HOM STIP DOP. <u>WALDEK</u> HET WIT BEANIE OP KOP. HY ROER EFFENS EN KREUN SAG. <u>HELM</u> SIT VORENTOE. <u>WALDEK</u> SLAAP NOG, DUS SIT <u>HELM</u> WEER TERUG. NA 'N RUKKIE WORD <u>WALDEK</u> WAKKER]

WALDEK **:** Mmmmmmmmm.... **[DRAAI EN LÊ OP RUG]**

HELM **:** Sjit, 'k dog jy's moerland toe. Hoevil narkose't 'lle jou gevoer, want jy's nog'ie hele blêrrie tyd laaits out van 'lle jou gister laatmirrag hie' kom neerplak 't.

WALDEK **:** Mmmmmm....

HELM **:** Jêi, kom by, ou. Hier'ie was vi' drie weke net <u>my</u> pêd, so as jy hie'so wil dos, moe' jy sê wie de joos jy is 'n vra of 'it oukêi's m't my.

WALDEK **:** Mmmmmmmmmm....

HELM **:** Stront, ou. Mmmmm is'ie hu blerrie naam'ie. Dis eens'ie hu woord'ie. Hie'so moe' jy jou fletterse maniere ken.

WALDEK : Mmmmm....mmmmmmm....

HELM : Ag, toe jissie, ou, kom nou net by. ’k wharrie ’r jou....ma’ as jy ’it vi’ enige ene sê, foeter ’k jou bek toe.

WALDEK : Wal....Wal....

HELM : Bal?! BAL?!

WALDEK : Wal....dek....my naam is mmmmmm..... Waldek.

HELM : O, nou ja toe. Hoesit, Mmmmm Waldek. ’k’s Helm....’n as jy my vra ’f ’k merrie helm gebore ’s, bliksem ’k ok jou bek dik. Elke ou wat ’k raakloop, smaak hy’s’ie ee’ste ene wa’ me’daai kak grappie ytkom.

WALDEK : Hê-hê-hê. Ugggg....

HELM : Lag jy ’f kots jy?

WALDEK : Ek....weet nie. Ek dink....ek lag.

HELM : **[BLAAS POEP]** Kom va’ Wilhelm af. Was my oupa se naam, ’n sý oupa was Kaizer Wilhelm.

WALDEK : Mmmmmmm.

HELM : Ge' Mmmmm nie. Okkie Hel-lum'ie. Helm. Duits.

WALDEK : Do I have to *sieg heil*?

HELM : Oeeeeee, oë 's nog'ie eens jillemal oop'ie 'n kla' bekkig. Is jy Ingels?! 'k lieg, ou. Oor'ie Kaizer. Ma' my oupa is Wilhelm. .. So....wat's jou kys?

WALDEK : How do you mean? **[SUKKEL OM ORENT TE KOM, MAAR KAN NIE. BAIE SWAK EN MOEG]**

HELM : Wa' maak jy?

WALDEK : I'm trying to....Ek....kan nie....regop kom nie. So plat op my rug raak ek benoud.

HELM : **[KLIM VAN SY BED AF. STAP MOEILIK. GAAN HELP WALDEK]** Da'. Jy nou orraait?

WALDEK : 'Sure'....ja....dankie. Asem. Dankie.

HELM : **[TERUG NA EIE BED]** Isse plesier. Moe' net'ie hu gewoonte da'va' maak'ie. Toe, spoeg'it. Wat's jou kys, Mmmmmm?

WALDEK : Bedoel jy nou wat makeer ek?

HELM : Nee, fokkit, ou, ’k vra hoeko’ jy hier in’ie Hilton ingeboek’t. Of kôs wat makeer jy. Dis’ie kanker-afdeling dié. ’is hoekom ’it so steriel is. So jy’t sweerlik’ie aambeie ’f klem-in’ie-kak ’ie.

WALDEK : Crikey Moses! En jy is sweerlik hier sodat hulle die rioolpyp uit jou mond kan slag.

HELM : Ag, my moer! Hu ghoedie-ghoedie. Hu Ingelse ghoedie-ghoedie. Sondagskooljiffie. Jy’s’ie dalk hu moffie nie? Nou’ie lat moffies’ie ok ’ie kastige ‘lelike’ woorde gôi ’ie.

WALDEK : Nee. Is jy?

HELM : Hu-uh, ma’ my boyfriend is.

WALDEK : **[LAG]**

HELM : Hiep-hiep, da’s lewe! Wel, jy’s’ie welkom hier’ie. ’k laaik my eie geselskap. Sodra nûrs Koffiesak ha’ dik stêre hie’ inroei, gan ’k ha’ sê ’m jou na hu anner kamer te skyf.

WALDEK : That’s fine by me.

HELM : Wat de swerkater beteken ’it? Faain baai mie. Kom jy van Siebiesie of Bois Haai?

WALDEK : Guilty as charged. Christian Brothers’ College. Before that I was in Kimberley High. Maar ek kan Afrikaans praat. My ma is eintlik Afrikaans.

HELM : Ja, Soutie, so hoor’k. Lat jy Afrikaans ka’ praat.

WALDEK : Waar kom jy vandaan?

HELM : Weet’ie. Eers’ie Weskus, toe Limpopo, toe Mpumalanga ’n nou Oos-Kaap. So hu spoegsel vanne dorpie. Cookhouse. Ma’ ’k ga’ skool op Somerset-Oos. Ry elke dag met hu bussie syntoe en t’rig.

WALDEK : En jou spraak? Jou aksent?

HELM : Tsk. ‘Aksent’! ’k praat soos ’k praat, man. So skei yt! Wa’voor ’s jy hie’?! Spoeg!

WALDEK : **[STILTE]**Chronic Leukemia. In gevorderde stadium. Die onkoloog het gister....of sou gister ’n beenmurgoor-planting doen. Hulle het seker, want ek het nie gister dié naalde in my arm gehad nie.

HELM : Wat virre operasie's dit? Been-murg-oor-plan-ting.

WALDEK : Dit is nie 'n operasie nie, dit is soos 'n bloedoortapping kwadraat. Daar is seker iets ingemeng om my te laat slaap. My, wat ons noem, 'double cousin' was 'n 'perfect match' met die murg. Ek wonder waar hy is? Hulle het in sy borsbeen ingeboor. Poor sod.

HELM : My moer! Hu jille lesing. Ma' nou weet'k. Wat's hu sod? Hu sêd doed ?

WALDEK : **[LAG]** Dalk. Watter soort kanker het jy?

HELM : M'nie smaak jy ga' by my sim-pa-tie kry 'ie. 'k voel vi' jou vere. Is va' jammerkry lat algar soos vlieë omkap. Loop kyk da' by'ie AIDS saal. Blerrie geween 'n gekners van tanne. 'n wie se skuld is'it? Niemand gee jou AIDS'ie, my ou. 'is'ie hu krismispersent'ie. Jy gee 'it vi' jouself. As jy 'ie plêstiek kous oor'ie kop wil trek'ie, moe' jy ma' saffer 'n al daai.

WALDEK : Ek vra nie vir bejammering nie, maar ek het nie my siekte vir myself gegee nie. Jy seker ook nie. However. Dit is fyn met my. Ons kan die verpleegsters vra om my te skuif.

HELM : Nûrs Koffiesak. Eintlik's sy hu groot bok vi' sports. Koffiesak's sommer wat'k ha' noem 'n sy maaind glad'ie. Ha' naam's Cofisa 'f so hu iets. So hu Slamse of hu Indiese naam. Relax jy ma'. Sy sal net'ou ee's kom.

WALDEK : Klink my jy ken al die roetine uit jou kop. Soos 'n rooster.

HELM : Dokters 'n susters 'n studente, jille blerrie rugbyspan, was vroemôre al hie'. Na 'ns altwee gekyk. Jou't 'lle bevat 'n bevoel 'n 'lle vingers oralste by jou ingedrik. Ingels en Medies g'praat. 'k't snotôl v'staan.

[STILTE]

WALDEK : Helm.... jy....jy sê jy is al drie weke hier?

HELM : Raait. En kry my heller 'n dydlik: hie' kom'ie lastige b'soekers'ie. Te ver.

WALDEK : Shame, dis sleg. Kan hulle jou nie discharge... ontslaan nie?

HELM : 'k kry kiemou én bestraling so'k kan'ie heen 'nste weer'ie.

WALDEK : Gee whizz. Dis erg. En jy het nog al jou hare? Ek het ook hoë dosisse chemoterapie gehad om my eie murg onder

beheer te kry en my immuniteitstelsel heeltemal te onderdruk. Nou is ek haarloos daarvan.

HELM : So gesmaak toe'k'ie bienie notch. En jy't okkie winkbroue nie. Onner lyk jy seker piere geplikte hoener?

WALDEK : Woolworths special. Ons dokter en die onkoloog sê als sal weer groei and bushier than ever.

HELM : As't jou sal lat beter voel, Mmmmm, kan'k jou ma' net sowel ve'tel. Ons is sewe broers. Sewe. Ek's'ie jongste. Twee van'ie goed is donnerswil gay. Twee!! Mowwe. Adolf is hu beer. Oralste hare. Ma' Gustav wee' is hu smoefie. Hy skeer als. Dis te sê sy lyf, nie sy kop'ie. Dié's ampers gedoen in 'n staail. So's'ie net jy wat glad is'ie. Smoefies doen'it aspris.

WALDEK : Now I'm hale and hearty! Hulle kan my maar ontslaan!

HELM : Loop skyt op ys, man. Gesê jy kry ge' sim-pa-tie by my'ie. Wou jou net optjeer. Koop vi' jou hu pryk. So hu blonde pryk. Of dalk hu pikswarte. Issie norig om sar-kas-ties te wesie.

WALDEK : Ja, ekskuus. I feel shit.

HELM : My broer Karel smaak van as Adolf 'n Gustav 'ie broers was'ie kon 'lle getrou't, want 'lle sal hu oulike kappel ytmaak.

WALDEK : **[LAGGIE]** Dankie, Helm....Die murgoorplanting was....Dit is my....

HELM : Dis, sjit, ja. Jy't al gesê. Lelike woord daai!

WALDEK : Nee. Dis my laaste kans. As dit nie vat nie....

HELM : Dan's jy voete ee'ste hie' uit. So watse ve'skil ga'n hare maak? My hare ga'n okkie my lewe red'ie....

[GAAN SIT BY WALDEK OP BED]

Horie, Mmmmmm, jy <u>is</u> nou hie'. So reël nommer een: ge' lang gesig'ie. As jy wil tjank, tjank terwyl 'k dos. Jy snork'ie, so dis orraait. 'it sou reël nommer twee g'wees't. Ma' reël nommer drie is'ie heel topbelangrikste. 'ie kos 'n'ie behanneling wat'lle mens gee, la't mens ve'skriklik poep. Jy hou jou poepe vi' jouself. 'is al.....O, wetter, nee, wag. Wag!! Nommer vier: as jy wil mielierol, ek wil'it'ie hoor 'f sien'ie.

WALDEK : Mielierol?!

HELM : Jis, Mmmmm, my ou, jy weet dan. Mielierol. **[MAAK**

MASTURBASIEGEBAAR, DAN KOMGELUID] Hû-hû-hû-hûûûûûûûû!

WALDEK : **[LAG]** You're impossible. But at the same time a tonic. Jy kan ook ontspan....Daar is min hoop daarvoor.... Altans in hierdie stadium. Ek kry nie eens 'n 'morning glory' nie.

HELM : Sjeik 'n pô! Selle hier. Dis hu blessitse gemors 'ié kanker. Voor mens se lewe nog ee'ste rêrig begin't!

WALDEK : You're like a randy partridge. Skrop en skrop en dans om die nes, but can't get screwing. Watter soort kanker?

HELM : Mmmmmmm!! Sikke woor'e yt hu Sondagskooljiffie se mond! Siesa! **[STAP OOR NA ANDERKANT VAN SY BED EN GAAN SIT MET RUG NA W]**

WALDEK : Ek wil nie weet van die prognose nie. Die diagnose. Ek vra maar net uit belangstelling.

HELM : Fok be-lang-stel-ling. 'is agiegeit.

WALDEK : Vergeet dit. Vir wat het jy dan so by my uitgevis?

HELM : Aag, Mmmmmm, my ou, wat maak 'it saak? Kopkanker, dermkanker, holkanker.... Disse honger rot in jou lyf wat

knaag ’n knaag ’n knaag ’n vreet ’n ve’teer. Groot blêrrie grap. Kanker’s gekrokte selle wat groei ’n groei ’n ’ie goeies dooddrik. Joue’s spesiaal. Da’sie gewasse ’n sikke klas goeters’ie. ’is net in jou bloed. En so sonner winkbroue lyk jy’ie te hond se gat nie. Nes ’ie Mouna Liesa. As’it jou erg pla, moet ’ns vi’ Koffiesak myk-ap vra, dan teken ’ns ’it vi’ jou in.

WALDEK **:** Bloedkanker. My pa het dit een keer per ongeluk in Afrikaans bloedarmoede genoem, toe sê my ma dis eerder ’n bloedoffer, maar ek sê toe, nee, vir my is dit bloed-skande. Nou spot ons gesin en die hele familie: “Waldek is in die hospitaal met bloedskande.”

HELM **:** **[VOETE WEER OP BED, KYK NA WALDEK]** Jy ’ie enigste kind?

WALDEK **:** Nóú, ja. My suster was ses jaar ouer as ek. Sy is op elf al dood van dieselfde ding. Dit is skynbaar geneties. Ons het gedink ek sal dit vryspring, maar op veertien was die eerste tekens daar. Dit is toe ons Kaapstad toe getrek het.Van toe af was ek al sewe keer in ’n blessit hospitaal. Sewe keer in vier jaar.

HELM **:** Jislaaik, sorrie, Mmmmmm. ’k praat ma’ al’ie tos, want dan’s’it makliker.

WALDEK **:** So het ek agtergekom. Dis honderd. Jou lelikpratery is ook net vals bravade.

HELM **:** Oee, hoor nou wee' vi' dominee....Nuwe murg, sê jy? Hoeko' traai 'lle nou ee'ste?

WALDEK **:** Dit is die tweede keer. 'n Laaste uitweg. My pa het twee jaar gelede geskenk, maar dit het glad nie gevat nie. Die arme ou. Ek het hom jammerder gekry as myself. Hy was skoon rasend. Dwalend. Hy het groen oë en jy kon die magteloosheid daarin sien. Snags kon ek hom hoor huil. Hy is nou weer orraait. Omtrent elke mens in die familie en nog ander is getoets. My neef Angus het van oorsee af teruggekom en toe gesê hy wil ook getoets word. En toe sowragtig is dit 'n 'match'. Dit maak seker sin, want ons praat van dubbele neefs omdat sy pa my pa se oudste broer is en met my ma se suster getrou het. Die onkoloog sê embrionale stamselle sou nog beter gewerk het, maar om dit te oes is nog nie wettig by ons nie en daar is buitendien ook nie iemand in die familie wat nou ver-wag nie. My ma sê sy wens sy het nooit 'n histerektomie gehad nie, want dan kon sy weer swanger geword het en 'n aborsie kry vir stamselle om my te help.... Ons sal maar wag en sien of Angus se murgselle my murg gesonde bloed kan laat maak. Ek het al opgehou om te veel te hoop. Dan is die teleurstelling elke keer net groter.

Nou vat ek dit soos ek dit kry. **[UITASEM GEPRAAT]**

HELM : Sjerbert, klink soos hu wetterse mondelinge opstel!! Praat jy altyd sikke lang stikke?

WALDEK : As ek al my pa en ma se trane opgevang het, kon dit ons swembad volmaak. Soutwater soos die Dooie See.

HELM : Man, te' minste't jy nog iemande w't oor jou huil....O stront, so 'lle kom jou seker v'naand b'soek!

WALDEK : Soos ek hulle ken, sit hulle daaronder en wag tot besoektyd. Eintlik is dit snaaks dat hulle nie hier sit nie. Seker omdat dit nie 'n enkelkamer is nie.

HELM : Nou's'it my skuld lat 'lle nie hie' is'ie. Wel, 'k pes blerrie agies.

WALDEK : Luister, ek verstaan dat dit lastig is vir jou, so ons kan die verpleegster gerus vra om my te skuif. Dink jy daar is plek in 'n ander kamer?

HELM : Haliefokkenha. Groot blêrrie grap. Mansafdeling. Da's ses klein laaities in'ie algemene saal 'n'ie anner kamers 'n privaatkamers 's algar vol stokou ooms. So tensy 'lle jou na'ie vrouekant of'ie gang toe skywe, sit 'k met jou. Jy't

’ie enigste oop bed gekry.

WALDEK **:** Klink my ons land is ’n siek spul.

HELM **:** Als klink vi’ jou na ietse. Klink vi’ my jy gat hie’ in my pêd loseer.

WALDEK **:** Dan kan hulle my terugskuif na Intensief waar ek gister was.

HELM **:** Jy’s’ie jillemal yt intensief’ie, my ou. Ons’s nog in’ie on-ko-lo-gie se waakeenheid. So hie’ is jy.

WALDEK **:** Ek is jammer.

HELM **:** Ag, kak, jy is’ie. Jou mense ka’ jou ma’ kom b’soek. ’k sal dos. Nûrs Koffiesak sal my hu pil gee.

[HULLE BETRAG MEKAAR IN STILTE. HELM RAAK EERSTE VERLEË EN DRAAI WEG]

WALDEK **:** **[SOEK GESELSKAP]** Bly jou broers ook op Cookhouse?

HELM **:** ’s jy nou jillemal laf? ’lle’s oralste. Karel’s’ie oudste. Hy ’n sy vrou ’n kinners’s in Jaansbirg. Heinz ’n sy vrou’s

in Sasolbirg. Adolf en sy lawwer Dicky het ’n restoerant in Bloemfontein, Brüno ’n sy girlfriend Celia’s in P. E. Günter’s ok da’. Hy doen sy meesters by’ie varsity. En Miss Gustav swot by Rhodes. Net ’k’s in Kookhuis want ’k skryf nog v’jaar matriek. Ma’ in Somerset-Oos, nè.

WALDEK **:** So het jy gesê. Dis’n groot gesin. Ek beny jou. Ek is ook in graad twaalf. Die skoolwerk doen ek maar so in en uit die hospitaal.

HELM **:** Skoolwerk’s’ie vi’ my so te kak’ie.

[STILTE]

HELM **:** Mmmmmmmm.... glo jy....glo jy.... da’s hu hemel?

WALDEK **:** Jong.... ek weet nie meer nie..... Toe ek klein was en voor die.... leukemie begin het, het ek regtig geglo..... Kom ek sê jou hoe ek dit sien: al is daar niks, glad niks, na die dood nie is dit nog steeds die hemel ná hierdie hel waarin ek nou is.

HELM **:** ’is waar. Wragtig, s’ waar. ’t jy pyn?

WALDEK **:** Party dae pyn elke spier en been in my lyf. Maar dit is meer die helse moegheid en veral die mislikheid wat my

klaarmaak. By tye is ek so naar, met of sonder opgooi, dat ek nie asemkry nie. My lyf voel soos soos ’n stuk pap, vrot fillet. Daarom is ek niks meer bang vir die dood nie.

HELM **:** En’ie Jirre dan? Glo jy nie in’ie Jirre nie?

WALDEK **:** Hoekom bly ek so siek? Hoekom word ek nie beter of gaan dood nie? Daar is nie ’n gebed wat ek nog nie gebid het nie. As daar ’n Here is, hoekom doen Hy nie iets dié of daai kant toe nie?

HELM **:** M’skien moe’ jy Hom kans gee nou m’t Angus se murg ’n jou pype....Wees biekie gedullig.

WALDEK **:** So jy glo?

HELM **:** Da’ is iets. Da’ is.....Een..... een skoot’t’k my outop se kar geskaai ’m Grahamstad toe te ry. Wou vi’ Gustav loop kuier. Sonner liksens, nè. Toe vroetel ’k m’t’ie radio ’m Algoa te tjoen ’n toe’k opkyk, toe ry’ie bliksemse kar in’ie veld in. Toe skree’k boontoe! Die G-woord. Nie vloek’ie. Soos in skrik ’n bid. ’k sweer vi’ jou: sonner lat ’k’ie stierwiel geplik’t, ’t daai kar stryt in’ie teerpad gehol. Toe hou’k stil ’n bid baie dankie ’n draai om en ry trig hys toe....

WALDEK : Sjoe! Dit is om oor te dink. **[POUSE]** Het jou pa agtergekom jy het die motor ‘geskaai’?

HELM : Hu-uh. Da’ was genoeg bran’stof in ’n hy tjek’ie’ie kielous’ie. Ma’ nou wonner ’k partykeers of’ie Jirre my nie da’oor met’ie kanker straf’ie.

WALDEK : Nou sien, dit kan ek nie glo nie. Dat die Here straf uitdeel soos ouers of onderwysers of die hof! Nooit! Daar is te veel moordenaars en verkragters en bedrieërs of wat ook al wat lank en gesond leef. Daai klein laaities in die saal waarvan jy praat, wat kon hulle nou so erg gedoen het dat die Here hulle so moet straf? Vir my is die siekte nie die straf nie. As dit iets is, is dit eerder die toets. En ek dink ek het my toets gedop, want ek het al te veel keer moed verloor.

HELM : Mens ka’ hoor jy’s slim. Klou nog biekie aan ’aai moed, Mmmmmm, klou. ’k moe’ nog twee weke hie’ bly vir’ie kiemou ’n’ie b’straling. Jy sal voor my hie’ uit wees. Notch net.

WALDEK : Dankie, profeet. Lyk my jy <u>is</u> met die helm gebore.

HELM : Nee, djennies. Wanner’ie behandeling kla’ ’s, ga’ ’k hystoe ’n da’ toets ’lle elke drie maan’e ’m te sien of ’lle

kon keer lat ’ie ding ve’sprei. Enniewhêi, ’k sê jou nou: as jy hie’ staat ’n doodgaan, maak ’k jou vrek!

WALDEK : **[LAG, STIK EN HOES]**

HELM : **[HOU HOM ANGSTIG DOP]** ’s jy orraait?!

WALDEK : **[KRY ASEM TERUG]** I’m fine. Kan jou ma of ten minste een van jou broers nie hiernatoe kom nie?

HELM : My outop’s bedlêend ’ie laaste tyd.... ’is van al’ie syp, smaak ek!! Lewer’t opgepak. Hy’s so hu nai-se man, ’k weet’ie vi’wat’y so in’ie bottel moes inklim’ie. Ma kan hom’ie alleen los’ie. ’n ’k wil’ie hê my broers moet kom’ie. ’lle kan okkie, want ’lle’s algar besig, ma’ ’k het’ie lis vi’ ’lle jammerkry of vi’ ’lle spot’ie.

WALDEK : Hoekom op aarde sal jou broers jou spot oor jy kanker het?

HELM : Soos ’ns klomp kan têre, is hu naarheid. Jy weet’ie. ’lle sal my sonner ophou ythaal.

WALDEK : Oor kanker?!

HELM : **[BARS/HOOG EMOSIONEEL]**Ag, my liewe bliksem,

Mmmmmm!!! Tes-ti-ku-lê-re kanker!! In altwee my donnerse knaters, man! Non-se-mi-no-ma. 'ie vinnige soort. 'n 'k 't 'it te laat agtergekom. In'ie bad gevoel hoe geswel is'ie goed. Dokter toe. Hy't'ie ambulans laat kom... 'n stryt hie'natoe gejaag. Sjirurg't altwee my ballas ytgesny! Altwee! Hy noem 'it or-chi-dek-to-mie. So 's jy nou hêppie?!?!

WALDEK : **[BAIE STIL]** My hart bloei vir jou.

HELM : So's'ie net jy wat ka' spog met hu Woolworths special'ie. 'lle't my geskeer vorie operasie. Nie eens hu tjiekie nie. So hu anner man, hu orderlie. Gustav sweer orderlies is ammal gay. Moet sê hy't daam'ie gevroetel'ie. Net ve'sigtig geskeer. Ma' nou groei 'it alweer. Blessit jikkerig. Was ee'ste stekerig soos baard.

WALDEK : Helm, ek sal nie vir jou 'n 'pity party' hou nie, maar nou voel ek terrible omdat ek hier lê en kerm oor my swaarkry terwyl jy so 'n vreeslike ding oorgekom het.

HELM : Ja, orraait, 's faain baai mie. Lyk mos'ie te oes vorentoe vi' my 'ie. As 'lle kan keer lat 'ie ding na my blaas 'n niere 'f prostaat me-tas-ti-seer, sal hierie jong os bly lewe.

WALDEK : Het hulle al dié goed vir jou in Afrikááns verduidelik?

HELM : ’k praat’ie Ingils’ie. ’k weier. So vir ’ie on-ko-loog en ’ie u-ro-loog en ’ie nar-ko-ti-seer gespin. ’k kan, ma’ ’k wil’ie. Dissie Kaap dié. Nie Jaansbirg ’f Durban’ie.

WALDEK : Mag....mag ek maar vra? Is daar nou....niks?

HELM : Nee, ’lle’t sikke si-li-koon eiers ingesit. Lekker stewiges. Ka’ jy mos smaak hoe my broers my sal ythaal oor rubber balle! ’n ’lle sal ammal wil voel. On-ko-loog sê my meneer sal nog kan presenteer geweer. Da’s ma’ net’ie swemmertjies ’ie. ’k gaan gereeld tes-tos-te-rone ok kry.

WALDEK : Miskien sal ek ook niks oorhê na al die bestralings nie. Hulle het my gewaarsku oor moontlike steriliteit.

HELM : ’lle’t lat ’k....lat ’k....ag, man ’k ka’ ma’ sê.... lat ’k saad gee voor ’lle my gekastreer’t. Vi’ as ’k dalk trou ’n wil kinners hê. Saad’s getoets. Da’s nog genoeg gesonde swemmertjies. ’is nou op ys. Vir’ie on-ko-loog getjoen ’it klink soos hu cocktail in’ie Cookhouse kroeg. Semen op ys. ’k dog’ie ou pis sy broek nat van’ie lag.

WALDEK : Dis baie bak! Geluk....Moes jy.... **[MAAK MASTURBASIEGEBAAR]** hû-hû-hû-hûûûûû!?

HELM : Konnie. ’lle’t so hu pompding m’t hu bys aa’ my gesit.

Was be-éf! Da'na't 'ie sjirurg my....ontman. Nou sien 'k elke dag 'ie kopdokter ok. Psi-gi-a-ter....Oor 'k hu... kapater.... hu ós is!!! M't nikswerd Tupperware knaters.

[STILTE]

HELM **:** Julle is lyk 'it my ryk.

WALDEK **:** Armoede is nie 'n skande nie.

HELM **:** Ja, dis wat'ie rykes altyd troos. "Armoede issie hu skanne nie." Saterdae gooi 'k vir karre bran'stof in by 'ie garage. Oom Frikkie smaak ek's hu pompjoggie. Blessit snaakse woord. Gustav tjoen hu pompjoggie is hu manlike pros-ti-tuut.

WALDEK **:** **[LAGGIE. KORT POUSE]** Helm....is jy nog 'n....het jy al....het jy al seks gehad?

HELM **:** Was my broers nou hie', 't 'k vi' jou stinkstories gespin. Ma' jy's nogals oukêi, so 'k kan vi' jou eerlik sê van nee. Seker's'k outyds, ma'k 't altyd g'meen 'k sal wag vir'ie regte ene. En ma't ons geleer skoolkinners naai nog'ie. Hie' sit 'k nou. Virgin 'n steriel. Wilhelm Windeiers. Jy?

WALDEK **:** Wanneer? Voor die siekte het ek skaars 'n meisie se hand

vasgehou en van graad nege af is ek ’n ‘geval’.... Mens lees en hoor so baie van.... seks en die ware ding is seker die laaste woord, maar ek....ek het nog altyd....gewens ek kan ’n....’n....‘blow job’ kry voor ek doodgaan.

HELM **:** Sal min vi’ jou doen ná jou dood!... Adolf ’n Gustav sê moffies’s beter da’mee as vrouens, ma’ ’k ga’n ’lle ’ie traai ’ie. Enniewhêi, moe’ nou’ie vi’ jou hie’ soos hu skoothond of nog erger my kat ko’ sta’ ’n hou ’n jou tysmaak ’n ytgee lat ’ns tjommies ’s ’ie.... ’n as jy vi’ jou pa-’lle insê lat ’k gesny ’s, ka’ jy ma’ jou kis b’stel!

WALDEK **:** Waarvoor sien jy my aan? “Dad, Mum, meet Helm. He’s a eunuch.” **[KORT POUSE]** Die lewe of die liewe Here of wat ook al het lekker met ons voetbal gespeel, né.

HELM **:** Ja, Mmmmmmm, ’n m’t ’nse balle. **[FOON OP HELM SE BEDKASSIE LUI. ALTWEE SKRIK. HELM TEL OP]** Môre. ’s Helm....Ma! Hallo, Ma!....Nee, ’s reg, Ma.... **[HUIL SAG]**Hoe’s pa?....Ag, sjym. Sê vi’ hom hallo.... Nee, nee, ’s orraait, Ma. ’s’ie mee’ so vrek seer’ie. ’lle gee my hu spyt in’ie boud na bestraling ’n ’k kry pille ok of hu morfienspyt as ’it erg word.... ’is, ja. **[HUIL]** Ja, Ma. ’k ve’lang ok. Eintlik’s’it nou stikke beter want ’k ’t nou hu lekker tjommie. Sy naam’s Waldek , hu Soutie, ’n hy’t bloedkanker ’n tot sy kop ’s sonner hare ’n hy’s op ’n drip

want hy't beenmurg oorgeplant gekry 'n hy's vol grappies. ...Reg.... Koebaai, Ma. Ma....Lief vi' Ma. Ma moet ophou wharrie....Koebaai, Ma. **[PLAAS GEHOORSTUK TERUG.]** Koebaai, Ma. **[HUIL. VEE TRANE AF. SNUIF. RU:]** 'k net vi' ha' gelieg oor jou, v'staan jy mooi, solat sy ka' beter voel.

WALDEK : **[VEE OOK TRANE WEG]** I knew that all along.... Never thought we're friends.

HELM : Gelukkig van'ie foon, want selfone's mos hie' so yt soos boknaai in'ie winter. My ma wharrie heelblerrietyd.

WALDEK : Listen....kan my pa-hulle nie help dat sy stad toe kom Nie?

HELM : Vat jy 'ns vi' armgatte?!

WALDEK : Dit is nie wat ek bedoel het nie. Ek praat van reëlings tref en so. Iemand kry om na jou pa te kyk.

HELM : Da' ko' een 'f al my broers 'it ok mos ma' gedoen't. Sy sal'ie hie' in hu hotel of gastehuis ko' sit 'n my pa los'ie. 'n sy haat'ie see.

WALDEK : Ons huis is groot. Mens kan nie die see daarvandaan sien nie. Sy kan by my ma-hulle bly. Al is dit net vir ’n week of wat.

HELM : V’geet ’it net, ou! V’geet ’it. Dankie, ma’ los ’it!!

WALDEK : All right. All right. Ons praat oor ander dinge. Ek moet op wees voor die winter. As ek nog’n eksamen mis, gaan hulle my nie toelaat om te skryf aan die einde van die jaar nie.

HELM : Ammal ’t ’lle bekke vol oor hoe dooslik die OosKaapse Karoo is. Rykes yt’ie Noorde jaag ha’ v’by ons Grahamstown Festival toe ’n as’lle moet stop vi’ bran’stof, da’ braak ’lle oor hoe ’it ’ie gatkant van ’ie wêreld is en-

[HELM SIEN HOE WALDEK SUKKEL OM KLOKKIE TE DRUK, MAAR NIE SO VER KAN STREK NIE]

HELM : Wa’s’it nou wee’?

WALDEK : Verpleërs. Hulle moet my na ’n ander kamer skuif.... Ag, toe nou, Helmpie, ek grap net. Ek het ’n hengse pie en

moet by die toilet kom. Boonop voel ek goor. Regtig goor.

HELM **:** Sa' jy ooit ka' loop? 'lle't ve'môre jou bottelding weg gevat 'n 'k dink 'lle't ve'geet om'it terug te sit. Hie's hu skone i' my kas. Sa' jou help.

[KLIM AF VAN BED, HAAL UIT KAS, GAAN NA WALDEK]

WALDEK **:** Ek kom nooit reg met dié goed nie. Maak die hele bed nat. Ek sal afklim dat ek kan staan. **[SUKKEL MET HELM SE HULP VAN BED AF. VERSIGTIG MET DRUPPE. ALBEI MET RUG NA GEHOOR. SIGBAAR DAT HULLE NIE ONDERKLERE AANHET NIE. HELM BEWEEG WEG TERWYL WALDEK BOTTEL GEBRUIK. LG. SIT DIT DAN OP SY KASSIE NEER EN WIL OP BED KLIM, MAAR SY BENE GEE MEE. HY BIBBER. HELM SNEL HOM TE HULP]**

HELM **:** Jêi, jêi! M'nie sports makie.... Ou!! Ma' jou jurk 'n jou bed <u>is</u> 'an sopnat!! Wat de hel ga' hie' 'an? Het'ie drup dalk ytgetrek? Ko' lat 'k jou ophelp. Sal nou vi' Nûrs Koffiesak-'lle roep lat 'lle ko' skoon 'n droogmaak. Ka' jy omswaai? So. Nou 'ie bene op'ie bed kry. Frisse beentjies vi' so hu siek seun, hê? Jy lê in hu blerrie dam!

WALDEK : **[SIT-LÊ]** Dit is seker sweet. Partykeer kry ek kouekoors. Al vrek ek van die koue, stroom die sweet by my af.

HELM : **[DRUK KNOPPIE]** ’lle sal nou hie’ wees. ’k’t net een slaggie ‘Wolf Wolf’ gespeel m’t’ie klokkie ’n Koffiesak’t my só ytgekryt, ’lle weet ’k roep ’et as ’it norig is.Tjeer op. Als ’s orraait. Tensy ’lle hu krisis’t, kom ’lle gou..... Jêi, wee’ jy, mens ’t sukke kougom gekry wat byte-om biekie hard’s ma’ ’s jy ’it byt, ’s ’it so sag ’n loperig binne. Adolf noem ’it goukom. ’ll sal gou-gou kom.

WALDEK : **[PROBEER LAG MAAR SY TANDE KLAP]** Is hier nie ’n kombers nie? Ek verkluim.

HELM : Da’ moet ene ’n jou kas wees. Gebryk’ie myne nie so jy kan ’it ok kry. **[LÊ WEER OP NOODKNOPPIE. MAAK KASSIE OOP EN HAAL KOMBERS UIT. GOOI OOR. GAAN HAAL SYNE. KRY SEER AS HY STAP]** Da’sô. Jy sal nou warm wees.

WALDEK : Dankie. That’s awfully kind....nice of you...

HELM : Ja, toe. M’nie nou ve’lief raak ’p my’ie. Kry ’et jou gat in rat ’n wees orraait.

WALDEK : Dit sal seker nou-nou beter gaan. Alles draai. Die bed en

die kamer en alles. Dis....dis....soos ’n yskas.

HELM : **[DRUK KNOPPIE]** Moet ’k jou Racheltjie de Beer?

WALDEK : Watse ding?

HELM : Racheltjie de Beer. Laans jou lê ’n jou warmte gee.

WALDEK : Sien jy....sien jy kans? Dit sal baie help.

HELM : Nou skyf ’an op. Fok. Jy’s nat!

WALDEK : **[SKUIF. DIE BEANIE KOM AF. SY KOP IS HAAR-LOOS EN BLINK]** Helm....word jy ook soms bang?

HELM : ’k’s ammekaar bang, Mmmmm, ma’ ’k wys ’it of sê ’it ’ie vi’ enige ene nie. Toe’ie on-ko-loog ’n sjirurg my gesê’t ’lle ga’n my moet....moet kastreer, ’t ’k amperste flou geword van banggeit, ma’ ’k ’t my kieste tissen my tanne ingesyg ’n so hard gebyt ’k kon ’ie bloed proe.

WALDEK : Dit help baie dat jy hier is. My tande klap minder.

HELM : **[SIT SY ARM OM WALDEK SE SKOUERS]** So lank jy reg raak. ’k sal nûrs Koffiesak vra ’m jou ’aai blou joppie te gee dan’s jy sommer springlewendig. ’n as sy ’ie

wil'ie, sal 'k Gustav bel om te kom.

WALDEK : **[BIBBER]**Wat is fout met jou? Jy kan dit mos doen.

HELM : Jissis, Mmmmmm! 's jy nou bedonnerd?!

WALDEK : Ha! Dit is nie net jy wat kan gatskeer nie, né! Jy het goeie liggaamshitte. Dalk helende kragte ook. Jy moet medies gaan swot. Ek voel klaar spanne beter. Dankie. Nee, sit nog 'n rukkie. As nurse Koffiesak inkom, sal ek haar sê dit is nie soos dit lyk nie!

HELM : **[HAAL ARM AGTER WALDEK UIT]** Jy't my lat skrik, jou wetter. Weet'ie wa' draai Koffiesak of'ie anner so'ie. Dalk's da' 'n noodgeval. Ma' jy was ok ampertjies hu noodgeval.

WALDEK : Soms is daar angs ook by en dit maak dit erger. Ek ly aan paniekversteuring. Met al die behandeling is dit minder, want ek is altyd half bedwelm. Ekskuus dat ek jou laat skrik het. Jy is reg. Dit is 'n gemors dié kankerstront.

HELM : **[GAAN NA EIE BED]** Jêi, gedra jou! Net'ou sê jou pa-'lle 'is agter my 'an lat jy so liederlik praat.

WALDEK : Moet jy nie jou kop breek nie. Daar is nie 'n woord wat

Henry en Debora MacMillan nog nie gebruik het nie.

HELM **:** ’s’it jille van? Mekmillen. ’ns sinne ’s Hahn. H-A-H-N. Een skoot ’t my pa vi’ Escom g’werk toe’s da’ hu ou Petrus Henn. Ka’ jy smaail? M’neer Hahn ’n m’neer Henn.

WALDEK **:** Was hulle groot kokkedore?

HELM **:** Ou grapjassie!

WALDEK **:** Crikey, baie dankie, Helm. Ons ken mekaar skaars en min ouens sal doen wat jy vir my gedoen het.

HELM **:** Magtag, ma’ jy ka’ hammer. Al op’ie mirrel C.

WALDEK **:** Jy neem musiek!

HELM **:** Ja, so?!!

WALDEK **:** Sensitiewe siel wat jy agter daai groot vuil bek wegsteek.

HELM **:** Man, piets jou m’t hu piksteel! Paas liewer wee’ yt solat ’k vrede ka’ kry.

WALDEK **:** Dan bly ek maar stil.

[STILTE]

HELM **:** Mmmmmm!

WALDEK **:** Mmmmmm?

HELM **:** Ga' jy nou nooit wee' m't my praat'ie?

WALDEK **:** Mm-mm.

HELM **:** Voel jy orraait?

WALDEK **:** Mm-mm.

HELM **:** Wat's fout?

WALDEK **:** Pure vrotsigheid. Ek moet alweer pie. Seker van die vloeistowwe wat hulle intap. En dit is asof ek binne koud kry. Nie my vel nie, maar in my lyf. In die murg.

HELM **:** 't 'lle jou 'ie vorie tyd ingesê van reaksies'ie?

WALDEK **:** Die onkoloog het alles verduidelik, maar dit vat nogtans nie die mislike gevoel weg nie. Hy het gesê ek sal by tye voel of ek flou word en aan uitputting ly en aan die bewe

gaan en wat nog. Hy het genoem van moontlike inwendige bloeding. Ek moet maar net deurdruk. Kan nie onthou dat ek met die vorige probeerslag heeltemal só shit gevoel het nie. Maar hulle het my die keer kwaai met die chemo gepeper, en met bestraling, om my eie kwaadaardige murg dood te kry. My immunity is zero. Shit, jammer, Helm, jammer. I'm so fucking tired.

HELM **:** Jy moet wees 's jy skierlik sikke vieslike woor'e gebryk.

WALDEK **:** Al die lewe het uitgetap.Ek het nie meer krag oor om te veg vir lewe en te hoop en te bid nie.

HELM **:** **[HAASTIG NA WALDEK]** Jêi! Jy móét! Jy móét! Jy kannie nou tou opgôi na 'lle in jou neef Angus se borsbeen ingeboor't 'm vi' jou stamselle te tappie.**[DRUK NOODKNOP]** Wa's 'aai donnerse nûrs?! Toe. Sit regopper. Dé. Hie's'ie bottel. **[SIT DIT ONDER BEDDEGOED IN VIR WALDEK]**Hang self jou meneer 'a'in, Mmmmmmm. 'k vattie da'aan nie! M'nie omval'ie! **[DRUK NOODKNOP]** Ag, dierbare Vader! Dalk.... dalk werk'ie ding'ie. Myne werk! **[BEWEEG OM NA SY KNOPPIE EN DRUK. GAAN NA 'DEUR'. SKREE:]** Nûrs! Nûrs! Dokter! Help! Noodgeval! Help! **TERUG NA WALDEK. HOU LG SE BOLYF VORENTOE, SKUIF AGTER EN ONDER HOM IN**

SODAT WALDEK BYKANS OOR SY SKOOT LÊ SOOS DIE MICHAELANGELO PIÉTA] 'lle sa' nou kom. 'lle sa' nou kom. Wees net ristig. My lyf maak jou warm. Jy's oukêi. Jy's baie oukêi. 's orraait.

WALDEK : Jy gaan eendag 'n goeie pa wees....Dalk moet ek net my oë toemaak dat die skip met my kan wegseil. Oor die donker water.

HELM : Jy gat nêrens'ie. 'lle kom jou nou help.

WALDEK : Waters waar rus is. Jy moet my neef Angus loop soek en sê ek sê baie, baie dankie en jammer dat ek hom gedrop het. En vir my pa en my ma hoe lief ek vir hulle is en ook dankie vir al die geld wat hulle vir my behandelings betaal het en veral dankie vir die lewe wat hulle my gegee het, al was dit so.... so kort. Sal jy dit grootasseblief doen?

HELM : Mmmmmmm, bly net hu slag stil lat 'k vi' jou kan bid. Nie hard'ie. Sag i' my kop. **[MAAK OË TOE. HUIL]**

WALDEK : Helm, sê vir die Here, as daar 'n Here is, hoe verskriklik bang ek het. Bang en koud. Sy Seun was seker ook bang voor hulle Hom gekruisig het. Vra Hy moet asseblief my pa en ma oppas. Hulle gaan so alleen wees. En....en, Helm, sê vir Hom 'n baie groot dankie dat hy jou gestuur het vir

’n vriend vir my....

HELM **:** Mmmmm, m’nie doodgaan’ie. Asseblief. M’nie dood-gaan’ie. ’k hoor ’lle aankom.

WALDEK **:** Ek hoor hulle ook. Ek dink dit is engele! Alles is wit. Die dood is nie swart nie, Helm, dit is wit. Steriel. Maar sag. En warm. Soos watte. Miskien moet ek maar groet.

HELM **:** **[HUIL]** Ag, liewe Jesus, is’it nou norig? Lat ’m ma’ nog biekie lewe, toe, seblief, Jirre, lat ’m nog leef. ’k wil’ie allenig agterbly hie’so nie. Lat’ie lat ma’ nog lewe. Onse Vader wat woon in die hemel, ’k vra bitter, bitter mooi....Waldek?!

WALDEK **:** Helmmmmmm?

HELM **:** ’lle’s hier!! Toe, asseblief, om my ontwil, moenie doodgaan’ie. Grootseblief. Moetie my alleen los’ie. Ho jy my?! Jy moet leef. Jy <u>moet</u>, want ’k’s so baie trots ’ bly ’m jou vriend te wees. Seblief ou Waldie..... Seblief bly lewe.... <u>Asseblief</u>.....

[BLITSIGE VERDONKERING]